*REDAKSIONEEL*

Belangstelling in die lite= rêre aspekte van die Bybel en die uitlegteoretiese vrae wat daarmee saamhang, is steeds aan die toeneem - soos ook uit hierdie uitgawe blyk. Dit geld in besonder die bydrae wat literatuurwetenskaplike insigte kan lewer tot 'n be= ter verstaan van hierdie ma= teriaal. Die kongres van die Nuwe Testamentiese Werkge= meenskap van S A wat in Julie vanjaar plaasvind, sal gewy word aan vrae van die hermeneutiek onder die al= gemene tema: *Reading a text. Source - receptor - setting.*

Professor Norman Petersen, wat bekendheid verwerf het vir sy literatuurwetenskap= like benadering tot die Nuwe Testament, sal aan die kongres as gas van die NTWSA deelneem en daarna verskeie Suid-Afrikaanse universiteite besoek.

Hierdie uitgawe staan in die teken van die komende NTWSA= kongres. Professor van Aarde gee 'n oorsig oor die ver = skillende interpretasiemodel= le wat in die loop van die ondersoek op die Matteus evangelie toegepas is, met besondere verwysing na resen= te ontwikkelinge. Sy studie bied 'n waardevolle oriënte= ring vir enigeen wat met Matteus besig is of wat in 'n

*FROM THE EDITOR*

Interest in the literary aspects of the Bible and the accompany= ing hermeneutical issues is on the increase - as can be seen from this edition of *Scriptura.* The insights of modern literary theory are studied by more and more exegetes in order to gain a better understanding of Bibli= cal material. This year's annual meeting of the New Testa= ment Society of SA will be devoted to hermeneutical issues under the general theme: *Reading a text. Source - receptor - setting.* A special guest at the meeting will be Professor Norman Petersen, well-known for his semi= nal work in opening up literary criticism for New Testament critics. After the meeting, Professor Petersen will visit several South African universi= ties.

This issue reflects the sustained interest in the problem of hermeneutics. Professor van Aarde gives a review of the different approaches to Matthew's gospel, each based on a different model of interpretation. Any one working on Matthew or in= terested in a literary approach to the Bible will find this a useful orientation. The detailed bibliography is a reference tool in itself. This article is an adapted version of a chapter in professor van Aarde's D D thesis. ("God met ons. Die teologiese perspektief van die Matteus-

literatuurwetenskaplike be= nadering geïnteresseerd is. Die uitgebreide bibliografie is op sigself 'n nuttige navorsingshulp. Die artikel is 'n verwerking van 'n hoof= stuk uit sy DD-proefskrif, "God met ons. Die teologiese per= spektief van die Matteus-evangelie", wat in 1982 deur die Universiteit van Pretoria aanvaar is en ons stel graag sy werk op hierdie wyse aan 'n wyer leserskring bekend.

Die bydrae van mnr Rousseau is van 'n meer algemene aard waar= in hy die huidige verwarring en verdeeldheid onder Christene na 'n hermeneutiese probleem herlei. Na 'n bespreking van die verskillende faktore wat hierby 'n rol speel, identifi= seer hy basiese vertrekpunte vir 'n Nuwe-Testamentiese her= meneutiek, waarby hy gebruik maak van insigte van sowel buite as vanuit die NT-weten= skap. Ten slotte bied hy 'n hermeneutiese model aan wat 'n geïntegreerde en rasionele benadering ten doel het.

evangelie". University of Pretoria 1982).

Jacques Rousseau's contribu= tion is of a more general nature in which he traces the present confusion and division amongst Christians to an under= lying hermeneutical problem. After discussing the various factors involved, he offers specific guidelines from the NT itself and from other disciplines. He concludes with an encompassing hermeneu= tical model which attempts to combine an integrated and rational approach.